

SKRIFGEDEELTE: 1 SAMUEL 17

FOKUSGEDEELTE: 1 SAMUEL 17:10, 45

Goliat – Wêreldse mag teenoor die Here se mag

Jy het sekerlik ook al begeer om jou vyande met meer krag aan te vat. Jy wil soos 'n Goliat (glans) wees. Mense word gou deur wêreldse mag beïndruk. Wie sal nie bang word as 'n fisiese oormag jou bestorm nie? Ander mense staan dalk soos 'n Goliat voor jou.

Góliat, die baasvegter van die Filistyne, het daardie fisiese vermoë gehad om met sy reuse gestalte van drie meter vrees in te boesem, en het as baasvegter van die Filistyne opgetree. Hy het op sy eie krag en vermoë staatgemaak.

Deur Goliat op die toneel te bring, lê die Here Saul se wêreldse houding bloot. Saul het 'n wêreldse koning geword. Dis duidelik in die manier waarop hy Dawid benader wanneer Dawid Goliat se uitdaging aanvaar. Hy dink slegs in terme van menslike mag. Hy dink nie aan die moontlikhede van die geloof nie. Hy hou geen rekening met die Here, die Almagtige, nie. So wil die Here jou ook soms toets deur 'n Goliat voor jou te laat staan.

Goliat word nie deur 'n koning verslaan nie, maar deur 'n skaapwagter, Dawid. Dawid word ook op die toneel gebring om te wys dat wêreldse mag nie kan standhou teen die Here se mag nie. Dawid het, met kinderlike vertroue in die Here, die nietige wapentuig waaroor hy beskik, gebruik en God het hom binne die menslik hopelose situasie die oorwinning gegee.

Sonder die seën van die Here is wêreldse mag hopeloos en kan dit selfs jou ondergang verseker. Daarmee kan jy nie die stryd teen jou grootste vyande, Satan, die dood, en jou menslike natuur, aandurf nie. As jy egter soos Dawid, jou vertroue plaas op die groot Dawidseun, Jesus Christus, is jou oorwinning uit die doodloopsituasie van die sonde verseker.

Nie Goliat nie, maar Jesus Christus is die volkome Verlosser en ewige Koning wat alle mag in die hemel en op die aarde het, en al ons doodsvyande verslaan het.

Sing: Psalm 48:1 (1936)

Ds. SA (Sarel) Cilliers (Waterberg)